SUID-KAAP JAGTERS- EN BEWARINGSVERENIGING

GRONDWET

1. NAAM EN REGSPERSOONLIKHEID

1.1 Suid-Kaap Jagters- en Bewaringsvereniging (SJB)

1.2 Die Vereniging sal:

- ‘n regspersoon wees en onafhanklik van sy lede bestaan;
- ewigdurende opvolging geniet;
- bevoeg wees om onderworpe aan die bepalings van die Grondwet, onafhanklik van sy lede eiendom te verkry of te vervreem, en regte te verkry of te vervreem of verpligtinge op te loop of te delg.

2. MISSIE

Die Bewaring en volhoubare ekonomiese benutting van ons natuurlike hulpbronne, die daarstel van ‘n kultuur van etiese jag en die uitbou van die sport en die beeld van die jagter.

3. EREKODE

In erkentlikheid van my Godgegewe verantwoordelikheid teenoor Sy skepping verbind ek my as jagter en lid van die Suid-kaap Jagters- en Bewaringsvereniging om:

- Grond, water, plante en wilde diere te bewaar en my te beywer vir die volhoubare benutting daarvan;
  My prooi eties, selektief en met die nodige respek te hanteer;
- My vuurwapens met verantwoordelikheid te hanteer;
- Jagwette te eerbiedig en die doelstellings van SJB te bevorder;
- ‘n Navolgingswaardige voorbeeld te stel en medejagters en die algemene publiek met respek te behandel en met verantwoordelikheid teenoor hulle op te tree.

4. FINANSIëLE JAAR

Die finansiële jaar van die Vereniging eindig op 31 Augustus.

5. ALGEMENE VERGADERINGS

5.1 Die Algemene Jaarvergadering sal gehou word gedurende Oktober of November op so ‘n tyd en op so ‘n plek as wat die Bestuur sal bepaal. Hierdie jaarvergadering sal addisioneel wees tot enige Algemene Vergaderings deur daardie jaar gehou.

5.2 Alle algemene Vergaderings ander dan die Algemene Jaarvergadering sal Spesiale Algemene Vergaderings genoem word. ‘n Spesiale Algemene Vergadering vind plaas wanneer nodig en wel volgens ‘n Bestuursbesluit of wanneer 11(elf) lede die Bestuur skriftelik versoek.

5.3 Die Bestuur moet skriftelike kennisgewing van ‘n Algemene Vergadering aan lede deurstuur, 14 (veertien) dae voor die datum waarop die vergadering plaasvind, welke kennisgewing die besigheid of sake wat bespreek gaan word, uiteensit. Die vergadering sal nie ongeldig wees omdat ‘n kennisgewing aan ‘n lid gestuur, nie deur daardie lid ontvang is nie.

5.4 Die kworumgrootte is 11(elf) lede en alle opbetaalde lede wat fisies teenwoordig is, het stemreg.

5.5 Behalwe indien tot die teendeel bepaal in hierdie Grondwet, sal alle Algemene vergaderings afgehandel word in ooreenstemming met algemene aanvaarde vergaderingsprosedure.

5.6 Die President sal alle Algemene Vergaderings lei. Indien hy nie binne 5 (vyf) minute na die tydstip vasgestel, vir die begin van die Algemene Vergadering teenwoordig is nie, sal die Voorsitter as voorsitter van die vergadering optree. Indien die Voorsitter ook nie teenwoordig is nie, sal die lede teenwoordig op die vergadering en wat geregtig is om te stem op die vergadering, by wyse van stemming ‘n voorsitter aanwys.

5.7 Die agenda van ‘n Algemene Jaarvergadering sal bevat:

- Voorwoord deur die President
- Notules van vorige Algemene Jaarvergaderings
- Jaarverslag deur die Voorsitter
- Finansiële verslag deur die Tesourier
- Verkiesing van nuwe Bestuur

5.8 Die Voorsitter bepaal die nominasie- en verkiesingsprosedure en die Vergadering verkies eers ‘n nuwe President en daarna ‘n nuwe Bestuur van 7 (sewe) lede.

5.9 Enige lid wat vir ‘n Bestuurspos genomineer word moet by die Algemene Jaarvergadering verkiesing teenwoordig wees sodat hy aan die lede voorgestel kan word voordat die verkiesing plaasvind.

6. **BESTUUR**

6.1 Die eersvolgende Bestuursvergadering na die Algemene Jaarvergadering, word deur beide die uittredende, sowel as die nuwe Bestuur bygewoon. Die nuutverkose President fasiliteer die verkiesing van die portefeuljes deur die nuwe Bestuur. Hierna word die amptelike beheer van die Vereniging, verantwoordelikheid en alle relevante materiaal oorgedra aan die nuwe Bestuur.

6.2 Die Bestuur lei, bestuur en administreer die sake van die Vereniging volgens die Grondwet en sal oor alle magte beskik wat nodig is hiervoor. Die Bestuur stel verder doelstellings daar wat kan insluit:

- Die uitbou van jagvaardighede en bewaringsbestuurkennis
- Ontwikkeling van ‘n gesonde verenigingslewe
- Samewerking met verwante organisasies, grondeienaars, natuurbewaringsinstansies

6.3 Die bestuur vergader minstens een maal in twee maande.

6.4 Kworumgrootte is 5(vyf) waarby ingereken is die President en verteenwoordigers van afwesige Bestuurslede

6.5 Die voorsitter sal alle Bestuursvergaderings lei. Indien hy nie teenwoordig is nie, sal die President as Voorsitter optree. Indien die President ook nie teenwoordig is nie, sal die lede teenwoordig by wyse van stemming ‘n voorsitter aanwys.

6.6 Behoudens die bepalings van die Grondwet, sal die prosedure by enige Bestuursvergadering deur die Voorsitter van die vergadering bepaal word.

6.7 ‘n Besluit geteken deur al die Bestuurslede, sal net so geldig wees asof dit geneem is by ‘n behoorlike saamgestelde vergadering van die Bestuur.

6.8 Indien ‘n Bestuurslid nie ‘n Algemene Vergadering kan bywoon nie moet hy die Voorsitter voor die vergadering in kennis stel om sy geldige verskoning aan te teken. In so ‘n geval moet hy reël om ‘n skriftelike verslag van sy portefeule se aktiwiteite voor die vergadering in te dien.

6.9 Indien ‘n Bestuurslid sou versuim om drie agtereenvolgende Algemene Vergaderings by te woon sonder verskoning, sal hy van sy pos onthef word. In so ‘n geval sal die Bestuur ‘n ander lid in sy pos koöpteer.

7. PLIGTE VAN DIE BESTUUR

7.1 President: Is die voorsitter van die Algemene Vergaderings en gee strategiese leiding aan die Vereniging en die Bestuur. Hy verteenwoordig die Vereniging by amptelike geleenthede en beskik oor stemreg op Bestuursvergaderings.

7.2 Voorsitter: Is die Voorsitter van die Bestuur en is verantwoordelik vir en lei die Vereniging.

7.3 Hoofbestuurder: Admin : Verantwoordelik vir die administrasie van die vereniging en bestuur Bestuurslede wat sodanige uitsette behartig.

7.4 Hoofbestuurder: Aktiwiteite : Verantwoordelik vir die aktiwiteite van die vereniging en bestuur bestuurslede wat sodanige uitsette behartig.

7.5 Hoofbestuurder: Streke : Verantwoordelik vir die streeks-aktiwiteite van die vereniging en bestuur Bestuurslede wat sodanige uitsette behartig.

7.6 Sekretaris: Verantwoordelik vir die hou van notules, saamstel van verslae en behartiging van korrespondensie.

7.7 Tesourier: Verantwoordelik vir die boekhoustelsel, fondsinsameling en lededatabasis.

7.8 Kommunikasiebestuurder: Behartig interne skakeling d.m.v. publikasies en eksterne skakeling met die media en ander organisasies.

7.9 Opleidingsbestuurder: Verantwoordelik vir uitbou van jagvaardighede, skietopleiding en bekwaamheidstoetse.

7.10 Streeksbestuurders: Organisering van aktiwiteite en funksies in ‘n gekose streek.

8. MAGTE VAN DIE BESTUUR

8.1 Die koöptering van lede as Bestuurslede

8.2 Die wysiging van portefeuljes en verantwoordelikhede van bestuurslede

8.3 Die toeken van Ere-lid status

8.4 Die aanwys van ‘n Beskermheer van die Vereniging

8.5 Die aanstelling van ‘n Redaksie vir die daarstel van ‘n Verenigingsjoernaal

8.6 Die aanstelling van komitees

8.7 Die daarstel van ‘n verenigingsadres.

8.8 Die vasstelling van intreegeld en ledegeld.

8.9 Die goedkeuring van lidmaatskap aansoeke

8.10 Die hou van tugsake met die mag om lede wat skuldig bevind word se lidmaatskap te beeindig. Appél teen skuldigbevinding mag deur die beskuldigde binne 21(een en twintig) dae skriftelik aangeteken word by die Sekretaris. Die Bestuur moet dan ‘n Spesiale Algemene Vergadering reël om die Appel aan te hoor.

8.11 Dag-tot-dag bestuursbesluite kan geneem word deur ‘n dagbestuur wat kan bestaan uit die President, Voorsitter, Hoofbestuurders.

8.12 Die affiliasie van SJB tot ander organisasies wat sal voorveronderstel dat die betrokke organisasie se grondwet en gedragskode deur sodanige affiliasie onderskryf word.

9. LIDMAATSKAP

9..1 Gewone lid: ‘n Natuurlike persoon ouer as 10 jaar wat die jaarlikse ledegeld betaal het, of ‘n regspersoon, of ‘n regs-organisasie wat die jaarlikse ledegelde, soos bepaal vir die betrokke regspersoon, betaal het.

9.2 Bestuurslid: ‘n Gewone lid wat op die Bestuur dien – en wat vir die tydperk wat hy op die bestuur dien geen ledegelde betaal nie.

9.3 Junior lid: ‘n Persoon ouer as 10 jaar wat die jaarlikse ledegeld betaal het, op skool is of bewys kan lewer dat hy ‘n geregistreerde student is.

9.4 Erelid: ‘n Persoon wat deur die Bestuur sodanig benoem is – vir ‘n gegewe periode of lewenslank.

9.5 Geassosieerde lid: ‘n Lid van ‘n regspersoon, of organisasie wat ‘n gewone lid is volgens 9.1 hierbo. Die geassosieerde lid oefen sy regte en verpligtinge uit via die enkel lidskap van die regspersoon soos beskryf in 9.1 hierbo.

9.6 Toegewyde Jagter: ‘n Persoon wat nadat hy/sy die voorgeskrewe jagopleidingskursus suksesvol afgelê het en suksesvol by die Registrateur aansoek gedoen het vir Toegewyde Status (DH), ‘n ten volle opbetaalde lid is en jaarliks voldoende bewys van aktiwiteite gelewer het.

9.7 Indien ‘n persoon sy lidmaatskap sonder geldige rede laat vaar en weer as lid wil aansluit sal hy ‘n motiveringsbrief aan die Bestuur moet rig wat die rede vir sy heraansluiting uiteensit. Indien die heraansluiting goedgekeur word sal ‘n administrasie fooi van R1 000-00 betaalbaar wees bo en behalwe die normale fooie.

10. AANSPREEKLIKHEID

10.1 Elke lid van die Vereniging sal gebonde wees aan die bepalings van hierdie Grondwet.

10.2 Lede se aanspreeklikheid teenoor die vereniging is beperk tot ‘n bedrag van R10 (tien rand)

10.3 Die Vereniging is nie regtens aanspreeklik vir optrede van lede nie.

10.4 Elke lid doen hiermee afstand van en vrywaar SJB teen enige eise wat teen die Vereniging ingestel mag word deur die lid, die lid se eggenoot of ‘n afhanklike van die lid in verband met of voortspruitend uit enige besering wat die lid mag opdoen of die dood van die lid terwyl hy betrokke is by of deelneem aan enige aktiwiteite van die vereniging, hetsy sodanige besering of dood veroorsaak word deur nalatigheid, enige vorm van wangedrag of versuim.

11. WYSIGING EN INTERPRETASIE

11.1 Die Grondwet kan gewysig word deur ‘n 2/3 (tweederde) meerderheid op ‘n algemene vergadering.

11.2 Interpretasie van die Grondwet is nie volgens die letter nie, maar volgens die outeurs en in die gees van die outeurs en in die gees van die Verenigings-wil.

ADDENDUM TOT DIE GRONDWET

Addendum tot punt 9.3 (Lidmaatskap)
'n Junior lid word beskou as junior lid tot aan die einde van die jaar waarin hy/sy ouderdom agtien jaar bereik het

Addendum tot punt 5.3 (Algemene Jaarvergadering)
5.3 Die Bestuur moet skriftelike kennisgewing van 'n Algemene Vergadering aan lede deurstuur, 14 (veertien) dae voor die datum waarop die vergadering plaasvind, welke kennisgewing die besigheid of sake wat bespreek gaan word, uiteensit. Die vergadering sal nie ongeldig wees omdat 'n kennisgewing aan 'n lid gestuur, nie deur daardie lid ontvang is nie. **Die kennisgewing sal per e-pos aan lede gestuur word.**

Addendum tot punt 10.4
10.4 Elke lid doen hiermee afstand van en vrywaar SJB teen enige eise wat teen die Vereniging ingestel mag word deur die lid, die lid se eggenoot of 'n afhanklike van die lid in verband met of voortspruitend uit enige besering wat die lid mag opdoen of die dood van die lid terwyl hy betrokke is by of deelneem aan enige aktiwiteite van die vereniging, hetsy sodanige besering of dood veroorsaak word deur nalatigheid, enige vorm van wangedrag of versuim **– welke vrywaringsvorm voor aanvang van alle aktiwiteite onderteken moet. Hierdie reël is van toepassing ook op nie-lede. In geval van minderjariges, moet wettige ouer of voog namens die minderjarige teken en verantwoordelikheid vir sy/haar optrede aanvaar.**

Addendum tot punt 8.11
"Dag-tot-dag bestuursbesluite kan geneem word deur 'n dagbestuur wat kan bestaan uit die President, Voorsitter, Hoofbestuurders" **en Sekretaris.**

Addendum tot punt 6

Byvoeging van punt 6.10
Voorsiening om betaalde admin/finansiële beampte aan te stel.

Addendum tot punt 7.2
Voorsitter: Is die Voorsitter van die Bestuur en is verantwoordelik vir en lei die Vereniging "**en is gevolmag om alle dokumente en kontrakte namens die Vereniging te onderteken na bespreking en goedkeuring deur Dagbestuur."**